WENKBROU

Hierdie boek is fiktief. Enige verwysing na werklike gebeure, regte instansies en/of persone in die skrywe is bloot toevallig.

# Die Alfadokument

René van Zyl

WENKBROU

Dié boek is opgedra aan my man en drie kinders wat immer entoesiasties saam met my hierdie uitheemse verbeeldingsvlugte aandurf.

© Teks: René van Zyl
© Publikasie: Wenkbrou, 'n druknaam van
LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 15.7 pt Baskerville Win95BT
deur LAPA Uitgewers
Omslagontwerp: Ian Dennewill
Teksredakteur: Louis Esterhuizen
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9679-9 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993- 9680-5 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9681-2 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# Een

Bangkok, Thailand. Masjiengeweerskote: ratat-tat-tat-terat-tetat. Dis die regter met sy yl swart hare en swartraambril se staccatostem. Michaela se liggaam en al haar sintuie is tot die uiterste toe gespanne. Sy wil haar ore toedruk en gil dat hy moet ophou om die vreemde taal in haar gesig te spoeg. Nog masjiengeweerskote en tussenin 'n woord wat klink soos narkotika.

"Ek weet nie hoe dit in my tas gekom het nie," wil sy gil, maar die gespanne spiere in haar keel wurg die woorde dood. Soos die stadige drievlerkwaaier teen die dak spin die hofgebou om haar.

Die gevrekte prokureur hier langs haar stink na uie en knoffel. Hy antwoord nou en dan iets in Thai in reaksie op die masjiengeweer, maar word doodgepraat.

Hoekom ruik die hele hofgebou na warm braaksel? Sy wil opgooi, al is daar nie 'n krieseltjie kos in haar maag nie. Dis nou al die hoeveelste oggend. Dit moet die plek se vrot water wees wat haar siek maak.

Die oranje katoenoorpak skaaf haar op elke denkbare plek aan haar lyf. Oranje is só nie deel van haar kleurpalet nie. Dit laat haar vel geel lyk. Haar tong klou dik aan haar verhemelte vas, lek oor haar droë lippe. Hoe begeer sy nie 'n yskoue glas sjampanje nie. Dom Pérignon. Uit 'n kristalglas op hul stoep in Llandudno terwyl die Kaapse seebries haar blonde hare deurmekaar woel.

Haar rooi gemanikuurde naels, plek-plek gebreek, krap deur haar sweetnathare. “One night in Bangkok.” Simpel liedjie is heeltyd in haar kop. Een nag? Een mááand. So lank is sy al in hierdie hel van tronkselle, hofgeboue, vrot kos, vlieë, stink vroue in klein kamers en nagte sonder slaap op dun matrassies. Hoekom kontak niemand van die huis haar nie? Behalwe vir haar patetiese suster wat soms bel en meer huil as praat. Waar is Vaughan wat haar van sy ewige liefde verseker het op die O.R. Tambo-lughawe ná witwarm seks in die prioriteitkleedkamer? Waar is iemand van die Orde? Die Groot Ses? Hoekom los hulle haar op haar eie in hierdie Thaise nagmerrie? Dink hulle sy het wél die kokaïen van Johannesburg af ingesmokkel? ’n Klad op hulle naam, dis wat sy is. Die bliksems. Sy, Michaela Cohen, dogter van Nikolas Cohen, erfgenaam en besturende direkteur van een van die grootste geloofordes in die wêreld. Sal sý iets so desperaat doen?

Die harde knal van die regter se hamer ruk haar terug na die werklikheid. Agter haar praat die handjievol mense wat die plastiekstoele warm sit, tegelyk. Die regter se hamer slaan nog ’n paar keer om stilte op te eis. Niemand luister nie. Michaela hoef nie om te kyk nie; sy weet die BBC, CNN, ja, selfs die SABC se paparazzi-gemors is nou woes besig op hul tablette en selfone om nuuskantore te verwittig wat die uitspraak is. Haar hart skok aan die gang.

Wat is die uitspraak? Onskuldig, natuurlik. Iemand moes met haar bagasie gelol het. Geen hof sal háár durf oordeel nie.

Sy kyk na die knoffelasem-prokureur hier langs haar met sy gesigsuitdrukking wat wissel tussen jammerte en ongemak.

“Wat?” snak sy.

“Lewenslank.”

Die woord tref haar voluit teen haar bors. Laat haar asem stol. Wurg haar. Haar brein wil nie fokus nie. Tientalle fotograwe en joernaliste stroom die hofsaal binne. Kameras flits in haar gesig. Meermale slaan die regter sy hamer op die houtbank voor hom. Daar is chaos in die saal. En in Michaela se gemoed.

“Nee, ek is onskuldig.” Sy wurg dit uit. Is dit hoe ’n paniekaanval voel?

Polisiebeamptes begin haar buitentoe sleep, weg van die kameras, maar sy veg om te bly. Sy wil haar spreekbeurt hê. Die geraas is oorverdowend.

"Nee!" gil sy vir die regter wat self sy goed vat om die chaos agter te laat. "Nee!" Sy skree en stoei, maar maak geen hond haaraf teen die beamptes se grypende hande nie. Haar oë sien swart en wit kolle terwyl die flitskameras haar verblind. Joernaliste skree vir haar, probeer haar ontsteltenis op band vasvang. Sy voel of sy tussen 'n spul wilde diere in 'n drukgang is; pap gedruk deur sweterige lywe. Die nou gangetjie kantel teen haar vas.

Alles word swart voor haar oë.

# Twee

*Vyf jaar later*

Joshua Young stuur die skilferpens van die gehawende visserskuit behendig teen die hawetjie se ewe verweerde aanlêplek vas. Hy ken dié kusdorpie goed. 'n Onbenullige spikkel op 'n kaart van Oos-Afrika. Sweet gly langs sy slape af, maar vir Kerstyd in Afrika is hierdie hitte normaal.

Hy het gesorg dat die wit letters teen die kant van die boot selfs in die maanlig vir enige spioenerende oë leesbaar is: South African Marine Research. Nie dat iemand juis vanaand gaan moeilikheid soek nie. Al word Christene in Somalië vervolg, is die feestelikheid regoor die wêreld onweerstaanbaar. Te oordeel na die luidrugtige musiek uit die kroeë langs die hawe word selfs hier gerinkink.

Josh spring rats van die boot na die pier en haak die tou om een van die ankerpale. Hy fluit "We wish you a merry Christmas".

"Josh, jy sal ons binne-in die tronk in fluit." Daar is 'n duidelike angstigheid in sy skraal vrou, Daniëlla, se stem toe sy haar hand oor sy mond druk.

"Wys my 'n Somaliese soldaat wat Kersliedere ken." Hy soen haar handpalm, spring terug op die boot en help haar om die ongemaklik groot babastootwaentjie uit die boot tot op die aanlêplek te tel. "Is ons baba goed toegemaak?"

"Ja, en sy slaap soos 'n engel." Sy stoot die waentjie oor die ongelyke houtoppervlak in die rigting van die stil hawedorp.

Josh woel sy hand speels deur sy blonde vrou se hare en sien die spanning op haar gesig, al steek sy dit goed weg. Hyself beleef nog steeds 'n tikkie adrenalienvloei deur sy are, al doen hy dié werk al vir amper vyf jaar lank. 'n Mens kan net nooit te versigtig wees nie.

"Ben-Ten, jy sal ons skuit oppas, nè?" roep Josh saggies na die jongman wat by die onderste luik uitloer.

"Ja, Kaptein. Soos altyd. Op my pos." Ben Oktober grinnik. "Jy spot my verniet met daardie Ben-Ten-mannetjie net omdat my van die tiende maand is. Skerp. Jy sal nog sien hoe ek kan fight. As ek regtig moet."

Josh wuif goediglik vir sy beskeie bootsman van die afgelope jaar en lei Daniëlla verby twee kleinerige drinkplekke waar Afrika se tipiese sjebiengeluide uitgebasuin word: blikkerige musiek met harde, stryende stemme tussendeur.

Net verby die laaste kroegie draai hulle by 'n donker systraatjie in met hul kosbare vrag. Josh kyk vir oulaas in die hawestraat op en af om seker te maak niemand volg hulle nie. Hulle stap stadig, half tastende, deur die donker stegie tot by 'n houtdeur. Hy blits sy sigaretaansteker se vlam een keer by die houtoppervlak en sien die teken wat hy soek: die eenvoudige lyntekening van 'n vis. Ichthus, soos die ou Grieke sou sê.

Josh klop drie maal hard teen die deur. Hy wag 'n rukkie en klop weer twee keer vinnig. Hy vryf 'n haarlok uit Daniëlla se gesig terwyl hulle wag. Haar blou oë kyk skrikkerig op na hom toe die deurslot skielik skraap en die deur op 'n skrefie oopskuif. Vanuit die bedompige vertrek tas die geur van 'n hoendergereg saam met die olielampie se gedempte lig na buite.

"Shalom, Khalid," groet Josh die eeueoue Hebreeuse vredegroet.

Net die wit van die donker Somaliër se oë is sigbaar. Stil kyk hy na Josh en Daniëlla, loer by hulle verby in die straat af.

"Shalom." Net 'n fluistering. Hy maak die deur vinnig oop en Josh

help Daniëlla met die stootwaentjie oor die ongelyke vloeroppervlak. Die deur word dadelik gegrendel.

Vyftien paar oë is agterdogtig op hulle gerig. Vrees hang geskadu teen die muur van die beskeie vertrekkie. Eenvoudige houtmeubels, aardse mense.

Josh steek sy hand na die Somaliër uit wat die deur oopgemaak het en spreek hom aan in 'n Somaliese dialek. "Dis goed om jou en jou gesin weer te sien, Khalid. Ons is hier vir die verjaarsdag van ons Koning. Al die pad van Suid-Afrika."

Khalid se vyf spierwit tande flits 'n verligte glimlag. Praat in 'n sagte stemtoon: "Joshua en Daniëlla, ons harte brand van vreugde om julle te sien."

"Ons het vir julle geskenke gebring op hierdie heuglike dag." Daniëlla trek die kombersie van die babapop in die stootwaentjie af, tel die pop uit die waentjie en lig die matrassie op. Josh haal 'n Bybel wat in Somalies vertaal is uit en gee dit vir Khalid. Almal in die vertrek snak hoorbaar na hul asem en kom nader om aan die kosbare boek te vat. Asof dit breekbaar is, hou Khalid dit vas terwyl trane oor sy wange loop. Nog twintig Bybels word uit die waentjie gehaal en onder die fluisterende groepie verdeel.

"Mag God julle seën, Joshua Young." Khalid klem sy arms om Josh se lyf.

Josh se hart klop warm terwyl hy na Daniëlla kyk wat omsingel word deur die vroue in die groep. Uit dankbaarheid wil almal aan haar vat.

"Julle is ons tweede laaste stop. Daar is nog net een vrag Bybels wat laer af teen die kus afgelaai moet word," sê Josh toe Khalid hom oplaas laat gaan.

"Dankie dat julle jul lewe vir ons in gevaar stel. My broer Casho het my vertel jy is 'n man van jou woord. Hy was nie verkeerd nie."

"Danksy jou broer wat sy lewe vir my in Afghanistan geoffer het, het ek in die smokkelbedryf geland." Josh glimlag hartseer. "Hy is vir seker heel in sy skik daarbo in die hemel."

"As jy nie sy persoonlike Bybel vir my ná sy dood gebring het nie, het ons jou nooit leer ken nie." Khalid vee 'n traan weg.

"En het ek nie besef hoe 'n groot nood daar in sekere lande vir Bybels is nie," antwoord Josh.

"Mag God julle veilig hou en beskerm," Khalid klou nou Daniëlla se hande vas asof hy haar nie wil laat gaan nie. "Dankie dat jy vir Josh bystaan."

Buite in die straat hardloop mans skreeuend verby. Beangs gryp die groepie in die huis mekaar vas. Josh trek 'n bekommerde Daniëlla nader en staan met haar kop teen sy bors totdat die voetstappe wegsterf.

"Ons moet gaan." Hy loer deur 'n klein venster buitentoe.

Daniëlla laat die babapop weer in die waentjie lê. Vir oulaas skud Khalid Josh se hand en maak dan die deur vir hulle oop.

Met hul stootwaentjie stap hulle na buite en kies koers in die rigting van waar hulle gekom het. Die kroeë is nou minder lawaaierig. 'n Koel windjie van die see se kant af kriewel teen Josh se ruggraat af. By die hawe slaan hy sy arm om Daniëlla terwyl hulle oor die pier na hul skuit toe stap.

"Ek dink hierdie is my beste Kersfees ooit …"

"Jou Kersfees het skaars begin, my man. Ek het jou nog nie jóú geskenk gegee nie." Sy glimlag misterieus. "Ek wonder net of jy nie al te oud is hiervoor nie, jy weet, ek sien al grys hare hier tussen jou bruin krulle deurslaan."

"Jy weet ek's nie 'n ou vir oordadige geskenke nie. Buitendien het ek en my een grys haar alles wat ek begeer hier by my. Jy." Hy wil die waentjie op die skuit tel, maar sy keer hom.

"Hierdie geskenk ís oordadig, glo my. Jy gaan binnekort meer as net vir my en ons eersteling hê." Sy tel die babapop uit die waentjie om haar woorde gewig te gee. "Ek is swanger."

'n Heerlike opgewondenheid ruk deur Josh. Sy hart wil uit sy borskas spring. Hoe lank probeer hulle nie al nie? Hy raap haar in sy arms op, druk byna die pop tussen hulle stukkend en soen haar driftig.

Hy wil haar in die rondte swaai, maar 'n harde klapgeluid ruk hom terug na die werklikheid. Van die hawe se kant af skyn 'n soeklig verblindend op hulle. Vyftien meter van hulle af staan tien gewapende

soldate in volle gevegsmondering. Die lig reflekteer koud van die AK47's in hul hande. Josh druk 'n verskrikte Daniëlla half agter hom in. 'n Somaliër stap met lang, aggressiewe treë nader. In hierdie skerp lig kan die rits epoulette op sy skouers nie misgekyk word nie. Sy forse figuur kom tussen Josh en die soeklig tot stilstand.

Hy praat Engels met 'n swaar Afrika-aksent. "Ek is generaal Abukar van die Somaliese Weermag. Wat is jou besigheid in my land?"

"Generaal Abukar. Ek is Joshua Young en dis my vrou, Daniëlla. Ons doen marinenavorsing in die omgewing. Kan ek u my permit wys?" Josh hou sy stem egalig en vriendelik, al is elke sintuig ten volle opgeskerp. Hy ken hierdie magsbehepte militariste. Een verkeerde beweging en 'n vlak graf is jou voorland. Hy steek sy hand in 'n groetgebaar na hom toe uit, maar Abukar ignoreer dit.

Josh reik na sy broeksak om die permit uit te haal, maar 'n helse slag van agter teen sy agterkop laat hom vooroor val. 'n Verblindende pyn flits deur sy kop. Warm bloed vloei van sy nek teen sy rug af. Hy is oombliklik kwaad omdat hy onkant betrap is en probeer hom aan die boot se kant optrek. Die soldaat wat hom bygekom het, staan langs hom, reg met sy geweer se agterkant om hom nog 'n hou toe te dien.

Generaal Abukar gryp Daniëlla aan haar hare en sleep haar met hom saam terwyl hy op die boot klim. 'n Kreet ontsnap uit haar mond. Die babapop val in die water.

Josh probeer orent kom, hom op sy knieë lig. Hy hou sy handpalms na vore om te wys hy is nie gewapen of aggressief nie. Waar is Ben?

"Generaal Abukar, vertel my asseblief wat ons verkeerd gedoen het?" Hy vee die bloed teen sy voorkop met sy voorarm af. Kalm, maar slaggereed.

Dieselfde soldaat wat hom geslaan het, skop hom só hard teen die blaaie dat hy vooroor val. 'n Stewel trap hom teen die grond vas. Die geweerloop druk koud teen sy skedel vas. Josh kners op sy tande terwyl hy op 'n plan van aksie begin fokus. Hierin het hy immers jare se opleiding.

"Bly stil," skree Abukar.

Die soeklig wat deur een van die soldate beheer word, skyn nou vol op hul ongewone groot skuit, een wat spesiaal gebou is vir hul smokkelbedrywighede. Ben staan benoud op die dek. Die geheime kompartemente wat in die boot se kante ingebou is, gaap oop. Staalhouers stal oopbek hulle binnegoed uit: R5-gewere, Makarov-pistole, handgranate en mortiere. Die soldaat ruk Josh aan sy kraag op sy knieë sodat hy beter kan sien.

"Wat de hel?" Dis meer 'n fluistering. Die wete dat hy, Daniëlla en Ben nou in lewensgevaar is, laat elke senuwee mespunt staan. 'n Ongenadige skop in die ribbes laat hom krul van die pyn.

Daniëlla is stil en bleek, haar oë dooie kolle in die lig. Trane vorm onder haar ooglede.

"En asof dit nie genoeg is nie." Abukar beduie na 'n oop paneel aan die sykant van die boot waar Somaliese Bybels in skuldige swart rye hul teenwoordigheid uitskreeu. "Smokkel julle Bybels na my land waarmee julle my mense moreel afbreek?"

Paniekerig hou Ben sy hande in die lug. "Josh. Vergewe my. Felton het my …"

'n Geweerskoot klap en 'n koeël tref Ben in die hart. Hy tuimel agteroor in die water in.

"Ben!" skree Daniëlla en Josh tegelyk.

"In my land ken vroue hulle plek." Abukar het haar nog aan die hare beet. Gee haar 'n harde pluk.

Josh kners op sy tande van onmag. Oorweeg sy volgende beweging. Hierdie mans voel vir vroue minder as niks. Abukar pluk sy pistool uit en druk dit teen haar slaap. Sy vinger span al hoe stywer om die sneller. Plotseling tree Daniëlla terug en met 'n harde hou van haar elmboog stamp sy hom winduit. Hy verloor sy balans en die skoot knal die donkerte in. Sy duik oor die skuit se rand terwyl Abukar 'n paar skote agter haar aan vuur.

Terselfdertyd tol Josh om, stamp die soldaat wat hom aan die kraag beet het, van balans af. Ruk die geweer uit sy hande en trek hom soos 'n menslike skild voor hom in. Met sy arm in 'n wurggreep

om die geskokte man se keel, skiet Josh vir Abukar sekuur in die borskas. Hy hoef nie te kyk om te sien hoe die generaal inmekaarsak nie. Hy rig sy fokus eerder op die groep soldate, trek 'n reeks skote op hulle af. Party val, ander koes agter skuilings in.

Die soldate skiet terug, maar tref slegs hul makker met sy koeëlvaste mondering wat soos 'n skild voor Josh gehou word. Met moeite hou hy die dooie man regop; skiet twee skote by die bebloede kop verby. Kolskoot. Twee aankomende mans sak ineen. Beide met kopskote. Die geweer klik-klik. Ammunisie op.

Josh laat val die dooie, duik en rol tot op die boot. Gryp Abukar se pistool uit sy lewelose hand. Hy mik losweg en vuur 'n skoot na sy teiken: 'n soldaat wat agter 'n watertenk uitloer. Tref. Hy koes vir 'n sarsie geweervuur, loer kalm oor die boot se kant; korrel en skiet na nog 'n soldaat wat aangehardloop kom. Kopskoot. Hy mik na die soeklig. Tref. Donkerte. Nog 'n vlaag geweervuur. Hy sak terug. Wag vir stilte. Sy hartklop verbasend reëlmatig midde-in die situasie. Sy oog vang die krat met handgranate op die dek; rol soontoe, gryp een, trek die pennetjie en gooi dit na 'n groep gewapende soldate wat so pas in 'n trok arriveer. Sy plan werk. Die dieseldromme aan die einde van die aanlêplek ontplof een vir een.

Die vlamme en ontploffende dromme lewer 'n makabere vuurwerkvertoning wat hoegenaamd nie afsteek by duisende ander wat regoor die wêreld op hierdie oomblik afgevuur word ter viering van Kersdag nie.

Josh spring regop en soek angstig oor die boot se rand na Daniëlla. Warm stu dankbaarheid deur sy are toe hy haar aan een van die motorbande teen die kaaimuur sien klou. Haastig kry hy haar beet, sukkel kreunend om haar in die boot te kry. Skouerwond, besluit hy. Laat haar op 'n houtbankie sit. Rondom hulle is die ganse hawe in ligte laaie. Abukar se dooie liggaam word oorboord gegooi en Josh kyk in die water rond of hy vir Ben kan sien. Hy weet egter met 'n diepe gevoel van verlies dat daardie skoot regdeur die hart is. Dan skakel Josh die enjins aan.

Hy trek sy hemp uit en druk dit besorgd teen Daniëlla se skouer.

Pyn flits oor haar gesig terwyl sy die lap styf teen haar skouer vasdruk om die ergste bloeding te stop. Trane streep warm spoortjies deur die stukkies as en roet wat van die kaai af waai en teen haar klam gesig plak.

"Ek gaan nou-nou na jou wond kyk, sodra ons hierdie gemors agterlaat," sê hy en stuur die skuit weg van die aanlêplek af. Oopsee toe.

Hoe de hel het hierdie wapens op ons boot gekom?! Dink hy woedend, soek verklarings. Ben? Hy het Felton se naam genoem. Kan net hy wees. "Wag tot ek my hande op Grant Felton lê," grom Josh en sien met genoegdoening hoe die hawe vinniger as wat 'n mens van so 'n ou skuit te wagte sou wees, agter hulle verdwyn. Hoe gouer hulle hier wegkom, hoe beter.

By die hawemuur versteur die noodvoertuie se sirenes die heilige Nag van Vrede.

'n Week later is Josh en Daniëlla terug by hulle kothuis op Bloubergstrand aan die Suid-Afrikaanse Weskus. Soos dit sy gewoonte is, draf hy laatmiddag vyf kilometer teen die strand af en terug huis toe. Daniëlla kry 'n soen op die wang waar sy in die breekwater voor hulle huis besig is met 'n ernstige selfoongesprek. Dalk met haar pa. Hulle het eers onlangs weer met mekaar begin praat. Baie inhaal nodig, grinnik hy.

Josh draf die huis binne, sluk 'n liter water weg en stort voordat hy ook 'n nommer op sy selfoon intik. Hy probeer al dae lank om Grant Felton in die hande te kry. Hy gaan staan weer buite op die stoep en bekyk die rits eenderse kothuisies wat nes hulle s'n op die strand front; elkeen met 'n tuintjie voor en agter die huis. Die buurt se laatmiddag-rustigheid is in skrille kontras met die buitengewoon gevaarlike sending waarvan hulle enkele dae gelede teruggekeer het.

Josh frons terwyl die dame aan die ander kant van die gesprek haar bes doen om tyd te wen. Hy kyk na Daniëlla waar sy so vyftig meter van die huis af in die vlak water met haar arm steeds in 'n hangverband op haar foon besig is. Die Kaapse suidooster pluk aan haar skouerlengte blonde hare en wit sonrok; aksentueer haar sagte

heupe, dun middeltjie en vol borste. Sy beduie met haar seer arm terwyl sy iets oor die selfoon aan iemand verduidelik. Agter haar is Tafelberg soos gebruiklik toegedek onder 'n wolk wat volgens legende uit Van Hunks se pyprokery ontstaan.

Ongeduld kreun vanuit sy nommer twaalf slofskoene 'n pad oop deur sy lyf en spring by sy stembande verby: "Kyk, mevrou Hamming, ek gee regtig nie om of doktor Felton my wil sien of nie. En natuurlik is ek woedend. Ek probeer nou al 'n week lank om met hom 'n afspraak te kry … Nee, luister vir mý. Sê vir Felton ek sal môre tienuur by hoofkantoor wees en hy sál my sien."

Hy druk die foon dood en draai terug na Daniëlla wat sleepvoetend oor die sand aangestap kom. Met 'n warm dankbaarheid bewonder hy die lieflike vrou wat net meer as vier jaar gelede so gemaklik by sy ondergrondse Bybelverspreiding ingeval het. Soms wonder hy oor die hartseer wat diep in haar sagte blou oë wegkruip. Dieselfde skadu wat hy nou daarin sien en waaroor sy nooit wil praat nie. Hy hou sy arms vir haar oop toe sy die trappies opklim en sy vlei haar teen hom aan.

"Wie sit daai frons op jou se gesiggie?" vra hy.

"Ag. Dis. Sommer. 'n Uitgewer wat wil hê ek moet 'n boek skryf oor al ons romantiese avonture, soos sy dit noem. Min weet sy deur watse hel ons partykeer gaan." Sy vroetel haar vingers liefdevol deur sy hare.

"Hoekom nie?"

"Ek's nie seker ek wil al ons binnegeheime verklap nie." Sy klink nou ernstig en draai weg om vir hulle van die sap op die stoeptafel te skink.

Josh vou sy arms. "Dit lyk of daar ouens is wat met groter geheime sit as ons. Ek meen – Ben?! Ek ken hom al jare lank. Ek wonder steeds wat hy bedoel het met sy laaste woorde … Wat? En toe betaal hy boonop onnodiglik met sy lewe."

"Jy broei nou al 'n week lank hieroor. Ek het jou gesê dat ons dalk sy woorde heeltemal verkeerd interpreteer. Ai, liewe Ben." Sy sug hartseer. "Hy was 'n man soos min. Hoë morele waardes. Hy sou mos nooit so iets …?"

"Ek gaan môre vir Felton sien of hy nou wil of nie. Ek wil weet hoe die wapens op ons boot gekom het."

"Dalk het daardie generaal Abukar dit self geplant om die Orde te diskrediteer," wonder Daniëlla terwyl Josh haar ongelowig aankyk. "En buitendien, niemand sién doktor Grant Felton net nie. Jy weet hy is amper soos die Pous van die Nikolaïete Orde."

"Hy sál my sien. Iemand by hoofkantoor moet presiés weet wat hier aangaan en boonop die ekstra sykompartemente laat inbou het; ook die laai en afhaal van die wapens gekoördineer het. Hulle moes hul beplanning vlymskerp doen sodat ons niks agtergekom het nie. En was hierdie dan die eerste keer? Of het ons al voorheen wapens vervoer?" 'n Siddering trek deur sy lyf. "Ben het met sy lewe betaal en Felton kon óns dood ook veroorsaak het. En ons baba s'n. Die donners." Frustrasie en woede storm deur Josh se gemoed. Hy haat dit dat ryk en magtige mense aan die bopunt van die voedselketting doen wat hulle wil terwyl die ander onder hulle die gelag moet betaal.

"Onthou net dat ons sy Orde se geld nodig het vir ons Bybelverspreiding."

"Hulle moet onthou ek doen net kontrakwerk vir hulle. Ek kan hulle enige tyd in hul peetjie stuur." Josh frons. "Krisjan watsenaam. Daai outjie wat met die voertuie se ombouings werk. Ek gaan hom ook môre bykom. Hy moet iets weet. Niemand lieg vir my en kom weg daarmee nie."

Vir 'n oomblik bespeur hy ongemak by haar, maar voor hy kan reageer, antwoord sy vinnig: "Krisjan Coetzee. 'n Werktuigkundige. Wat sal hy tog weet?"

Met die steil kliptrappies van sy luukse kantoor teen die hange van Tafelberg klim Grant Felton af tot by die geheime keldervertrek diep in die aarde. Hy is geklee in sy swart, vollengte monnikskleed. Net 'n paar kerse brand in die agt by agt meter grootte vertrek en daar is 'n houtvuur op die klipgeboude offertafel. Hy trek die bekende geur van kerswas en dood diep in sy longe in.

Toe hy sy blok van 'n seun sien, ook geklee in 'n monniksgewaad

met die kappie laag oor sy gesig, stu minagting in hom op. Hoekom het hy toegegee aan Vaughan se geneul om tot groter voordeel van die Orde gebruik te word? Soms is hy soos 'n irriterende kind wat nooit sy sin kry nie. Wat het verkeerd gegaan met sy opvoeding? As sy jonger broer eerder daardie ongeluk oorleef het. As Vaughan daardie dag versigtiger bestuur het. Grant stap tot voor hom en lig sy linkerhand in die geoefende groetgebaar met die palm na vore.

Vaughan doen dieselfde en praat met 'n stem wat vreemd hees in die hol vertrek klink.

"Ek ondersteun die aangepaste Apothegmata Patrum. Ek wandel in die vrees van die almagtige. Ek toon geen vrees vir die mensdom nie. Ek vertrou op die algehele wysheid van die Nikolaïete Orde en die konstantheid van ons Broederskap. Vir waarheid en geregtigheid staan ons." Hy bly stil sodat Grant verder die res van die mantra kan opsê.

"Ons verwerp en verlam ons vyande; ons glo die gewysigde waarhede van die ou woestynvaders. In die naam van ons seun, en deur die wysheid van die Opperwese en deur die krag van die globale geldeenheid en vir die groter guns van die Nikolaïete Orde wêreldwyd, sal ons nou besluit oor die lot van die mens en die mensdom." Soos gewoonlik gryp die woorde Grant aan die hart. Dis sy hele lewe. Hierby sal hy loop en val.

Hy en Vaughan sit hulle regterhande vir 'n oomblik of twee op mekaar se koppe en tree dan weg van mekaar af. Grant gaan staan sodat die offertafel tussen hulle is.

"Dankie, Pa, ek …"

"Stil." Kan die seun nie verstaan dis 'n heilige ritueel nie? "Ons Orde het miljoene mense wêreldwyd wat van ons verwag om hulle te beskerm teen sinnelose tradisies en skadelike mense. Een los loot mag nie óns lot bepaal nie. Jy weet wat om te doen." Grant se stem klink monotoon dog vlymskerp in die stil vertrek.

"Ek sal vanaand daaraan aandag gee." Vaughan kyk sy pa reguit in die oë. Daar is geen teken van huiwering of emosionele betrokkenheid by die taak op hande nie.

"Is jy seker? Praat nóú as jy dink die taak is te groot vir jou."

"Ek sal dit doen." Vaughan klink oortuig van homself.

Grant is nie verbaas dat dit sy seun nie met weersin vervul om iemand vir wie hy lief is in die rug te steek nie. Hy was nog altyd wanaangepas. 'n Psigopaat. Vandag kom dit egter handig te pas.

"Laat dit so wees." Grant loop terug na die deur waar hy ingekom het en kyk onwillekeurig terug na sy seun. Vaughan gaan staan voor 'n klipformasie waarop ses roomkleurige wasbeeldjies van mansfigure en twee vrouefigure in 'n ry staan. Hy neem 'n vrouebeeldjie en plaas dit in die vlamme op die altaar. Vir sowat vyf tellings huiwer sy hand in die oop vlam voor hy dit beheers wegvat.

Stil kyk hy na hoe die menslike vorm in die vlamme wegsmelt en in donker rook opgaan.

Grant ignoreer die klein stemmetjie in sy kop wat hom waarsku dat Vaughan onstabiel is en dalk nog die Orde se ondergang kan beteken. Die Orde se sielkundiges het hom immers lank gelede gewaarsku dat Vaughan al die tekens van 'n kriminele psigopaat toon. Hy beskik oor die tipiese vreesloosheid, groot selfvertroue, gebrek aan empatie en sosiale geldingsdrang. Voeg daarby sy gebrek aan inhibisie, sy aggressiewe neigings en sy destruktiewe soeke na opwinding en boonop sy najaag van oombliklike gratifikasie en jy sit met 'n narsistiese persoonlikheid wat net wag vir die regte situasie om maksimum skade aan te rig.

'n Bitter nasmaak. Hierdie seun het hom al op soveel gebiede teleurgestel, maar tog is hy 'n noodsaaklike skakel in die ketting. Die een wat die vuilwerk moet doen en wat dit goed kan doen. Hy sal enigiets doen om sy pa se goedkeuring te verkry, want hy weet alte goed hoeveel minagting sy pa vir hom koester. En ook waarom. Vaughan sal in die vuur spring as hy dit van hom sou vra.

Dit vul sy vaderhart met genoegdoening.